# 11 April 2023 - Lesing 7 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Egte en valse profete – 12/3/57

**NO: 6782** Wat daar ook onderneem word om die waarheid te verdring, hulle sal tog seëvier - hoewel die dwaling tallose offers sal eis. Maar wie die ernstige wil het om tot die waarheid te kom, die sal ook sekerlik die dwaling as sodanig herken en dan sal daar ook geen gevaar meer vir hom wees nie. Dat die meeste mense egter aan die dwaling ten prooi val is begryplik, omdat die dwaling die mense altyd sekere voordele beloof, hetsy geestelik of aards. Die mense is altyd daarop uit om aan hulself voordeel te verskaf. Hulle het die waarheid nie lief terwille van die waarheid nie, maar daar moet vir hulle altyd wins aan verbonde wees, dan eers is hulle bereid om die waarheid aan te neem.

Die suiwer waarheid stel aan elke mens alles helder en onomwonde voor oë, dit kan daarom ook vir hom tot nadeel wees in soverre dit hom toon wat hy nog moet oorwin, wanneer die wêreld en sy aardse welsyn nog te veel vir hom beteken. Juis daarom vind die waarheid so weinig luisteraars, juis daarom is die mens veel eerder bereid om dwaling aan te neem, veral as hierdie dwaling aan hom voordeel beloof of aan sy wense voldoen.

Dus wil die mense ook niks hoor of weet van ‘n ondergang van die aarde nie, dat al wat leef en alle skeppings op die aarde sal vergaan. Dog wat hul onder die dekmantel van die waarheid aangebied word, wat hul nog ‘n sprankie hoop gee dat die einde teë te hou is, - dit neem hulle aan en beskou dit as die waarheid. Maar die suiwer waarheid wat hul die verpligting oplê om hulleself op ‘n vasstaande einde voor te berei, verwerp hulle.

Daar sal altyd profete te vinde wees wat in opdrag van God die einde aankondig, maar daar is ook die wat in opdrag van Sy teenstander spreek en as valse profete hierdie aankondigings probeer kragteloos stel, wat die mense alle moontlike beloftes voorspel; hulle egter nie op die vaste einde wys nie, maar dit as afgewend probeer voorstel. En steeds sal hierdie valse profete meer luisteraars vind, want die mense wil nie glo dat die einde komende is nie. Daarom neem hulle liewer die lering aan wat aan hul voordele belowe en wat hulle nie uit hul drome laat verskrik nie.

Vir wie in totale onwetendheid leef, sal dit ook moeilik wees om te beoordeel wat dwaling is en wat waarheid is. Wie egter reeds in geestelike kennis ingewy is, hoef hierdie maar as toetssteen vir waarheid en dwaling aan te wend en homself afvra wat die bedoeling is van ‘n sekere lering en wat dit beoog. Wil sy die mense ‘n hoër kennis bybring, wil sy die veredeling van sy wese bereik, wil sy hom help om hom van die materie los te maak, dan sal hierdie leer ook van Goddelike oorsprong wees en kan as waarheid uitgedra word. Is dit daarenteen duidelik dat dit die bedoeling het om ‘n beter en mooier luukse wêreldse lewetjie te verskaf, wat ook dikwels onder die dekmantel van vroomheid geskied, dan kan so ‘n leer sonder beswaar as verkeerd afgewys word, omdat sy dan deur God se teenstander in die wêreld ingebring is.

Gedurende die eindtyd sal baie valse profete in opdrag van God se teenstander op die voorgrond tree, want juis die einde wil nie deur die teenstander nóg deur sy aanhang toegegee of ingesien word nie. En so sal ook die mense wat met die einde rekening hou, deur hom vir die gek gehou word. Hy sal hulle daarom in opperste verwarring wil bring deur die voorspellings van die ware profete teenoor die van die valse profete te stel. Daarom sal die duisternis in die tyd van die einde steeds digter word en by wie die lig reeds skyn, moet dit behoed sodat dit nie uitgedoof word nie - en dit kan hy ook doen indien sy liefde vir die waarheid sterk is, as hy alleen God en Sy Woord laat geld.

By wie die sagte skynsel van die Goddelike lig van die Liefde egter nie volstaan nie, die se oë soek verblindende ligte en hy bestee dan geen sorg meer aan die klein liggie wat hom die donkere nag belig nie. Dan kan God se teenstander dit maklik uitdoof, dan het sy truuk geslaag. Hy doen homself dan voor as ‘n engel uit die Ligryk en het sy prooi gegryp. In hierdie mense het die verlange na die wêreld dan geseëvier, omdat hulle dit wat die teenstander hul voorsit, eerder wou hoor omdat hy ‘n einde van die aarde, ‘n spoedige vergaan, die einde van die ou en die begin van ‘n nuwe periode in twyfel trek. Hy laat die mense glo dat hy self hul toekoms kan bepaal. Die voordeel laat hy nie weg nie en daaraan al sal ’n mens die werk van Satan kan herken, want daarmee laat hy die mense glo dat hy dit kan uitvoer wat God se heilsplan kan teëhou of afwend.

Hierdie daad van Satan behoort ook tot die sigbare tekens van die einde. God se teenstander sal nog baie aanvalle teen die waarheid onderneem. Hy sal juis daar in die besonder sy invloed uitoefen waar geen weerstand gebied word deur ‘n absolute verlange na die waarheid nie. Want daar herken mens die leuen nie, daar het hy ‘n maklike spel. Tog sal hy hulle wat vir God en in Sy opdrag werksaam is, nie kan mislei nie. Want hulle is deur Sy Gees verlig en sal daarom ook altyd in staat wees om die waarheid van die dwaling te onderskei. Amein.